higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 3

(2020023)

21 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Punte sal nie toegeken word vir een-woord antwoorde nie tensy die vraag dit spesifiek verlang.

5. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd jy aan 'n vraag moet bestee.

6. Gebruik slegs 'n SWART of BLOU pen.
(Gebruik 'n potlood of inkleurpotlode vir die tekeninge/illustrasies)

7. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Laat ten minste DRIE LYNE oop ná elke vraag.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.13) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ... is die druktegniek waardeur 'n prent geproduseer word deur met kerfgereedskap in hout te sny.

A linodrukwerk
B akwatint
C litografie
D houtblok drukwerk

1.2 Die grootte van 'n besigheidskaartjie is ...

A 90 mm × 50 mm
B 148 mm × 210 mm
C 210 mm × 99 mm
D 210 mm × 297 mm

1.3 Die belangrikste element van multimedia is ...

A teks
B beelde
C komposisie
D filmuittreksels

1.4 Die … is die grootte van die hoofdeel ('main body') van 'n kleinletter.

A hoogte van die hoofletter
B mediaan
C stokletterlyn ('ascender line')
D x-hoogte

1.5 Wanneer 'n beeld of voorwerp oor die afkant ('trim edge') van 'n bladsy loop word dit ... genoem.

A rand
B kantlyn
C snoeimerke ('crop marks')
D bloei

1.6 Die korrekte dpi en kleurkode vir die ontwerp van 'n e-pos handtekening is:

A CMYK , 150 dpi
B RGB , 72 dpi
C CMYK , 300 dpi
D CMYK, 72 dpi

Kopiereg voorbehou

1.7 Die Egiptenare het papier ontwikkel wat van … gemaak is, waarop met ink geskryf kon word.

A papier
B perkament
C papirus
D koerantpapier

1.8 ... is 'n sagtewarepakket wat ontwerp is om elektroniese aanbiedings bestaande uit 'n reeks afsonderlike bladsye of skyfies ('slides') te skep.

A Adobe InDesign
B Microsoft PowerPoint
C Adobe Photoshop
D Microsoft Word

1.9 'n ... is 'n voorbeeld van 'n eksterne stoortoestel.

A DVD
B RAM
C CPU
D ROM

1.10 Die psigografiese segmentering van die teikenmark is gebaseer op …

A Status
B Ligging
C Ouderdom
D Werkplek

1.11 Sluiter prioriteit modus is die beste modus om … foto's te neem.

A panorama
B landskap
C aksie
D portret

1.12 Johannes Gutenberg het die … in 1440 ontwerp.

A reël van derdes
B beweegbare tipe drukpers
C papiruspapier
D Kodak-kamera

1.13 ... is 'n soort grafiese ontwerp wat deel van die alledaagse lewe is.

A Rekwisiete-ontwerper
B Projekbestuurder
C Handboek redigering
D Padtekens

(13 × 1) **[13]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Analoogkleure is kleure wat regs langs mekaar op die kleurwiel is.

2.2 As jy een kleur vir drukwerk op verpakking gebruik, kan jy drukkoste verlaag.

2.3 Klank word deur die menslike oor waargeneem deur vibrasies.

2.4 Insetsel ('type') is die teller die denkbeeldige lyn waarop die karakters sit.

2.5 Die gemiddelde lengte van 'n persoon se liggaam, van die bokant van die kop tot die onderkant van die voet, is sewe en 'n half keer die lengte van die kop.

2.6 Multimedia is die gebruik van 'n enkele medium soos klank of teks.

2.7 'n Basiese element van fotografie is fokuspunt.

2.8 Om van jou skyfies af te lees sal nie lyk of jy onvoorbereid is nie.

2.9 'n Aanbieding benodig nie 'n afsluitings- of eindskyfie nie.

2.10 Om te teken is 'n belangrike vaardigheid vir ontwerpers.

2.11 Dialoog is 'n gesprek tussen twee of meer mense as 'n kenmerk van 'n draaiboek, drama of film.

2.12 RAM is 'n tipe geheue wat data berg selfs wanneer die rekenaar afgeskakel is.

2.13 Die drie-puntperspektief het een verdwynpunt op die horison.

2.14 Ontwerpers kan vrye vorm skryfwerk gebruik om idees te genereer.

2.15 Klank kan mense se emosies affekteer en help om die boodskap te verstaan en onthou.

2.16 Klankprogrammeringsagteware laat 'n mens toe om musiek op 'n verskeidenheid manier in te voer.

2.17 Kleibeweging animasie gebruik uitknipsels van stukke materiaal soos papier of karton.

(17 × 1) **[17]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n item in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A–Q) langs die korrekte nommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Ligatuur	A	'n staander wat fotograwe gebruik om die kamera te ondersteun
3.2	F-stop	B	'n verf-tekentegniek waar klein, opvallende kolletjies kleur in patrone aangewend word om 'n beeld te vorm
3.3	Kosverpakking	C	kleur of skakering van kleur
3.4	Bauhaus	D	toon waar animasie in 'n dokument voorkom, insluitend raam-vir-raam animasie, en bewegingspaaie
3.5	Kopiereg	E	twee of meer letters gekombineer in een karakter
3.6	Pointillisme	F	deel jou komposisie/ontwerp in nege gelyke blokke
3.7	Sepia	G	grootte van lensopening
3.8	Driepoot	H	om data van 'n ander bron in jou huidige dokumente in te trek
3.9	Panorama	I	dit bied beskerming, is peuterbestand en verskaf voedingsfeite en ander inligting oor die kos daarbinne
3.10	Tydlyn	J	die styl is beïnvloed deur die geometriese vorms van kubisme en die helder kleure van fauvisme
		K	'n duitse kunsskool wat van 1919 tot 1933 in bedryf was wat kunsvlyt en die skone kunste gekombineer het
		L	om data van 'n ander bron by jou huidige dokument in te trek
		M	die wetlike reg gegee aan 'n outeur, verspreider of uitgewer om 'n produk te versprei
		N	'n kunsstyl wat krullende lyne asook plant- en blomvorms gebruik
		O	kan maklik beweeg of vervoer word
		P	is 'n rooibruin kleur
		Q	is 'n tipe foto van 'n landskap of stadstoneel met 'n wye aansig

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

aftrekking; laserdrukker; etswerk; handelsnaam; Mp3; tint; flits ('flash'); skaduwee; brosjure; Camera Obscura; kring; hardeware; dot matrix drukker; stertletter; brownie; akwatint; herhaling; koerantpapier; sirkeldiagram; stres; saampersing; Mavica; MIDI; lensgaatjie

4.1 Digitale klank en musiek word dikwels in die ... lêer formaat geproduseer.

4.2 Die kreatiewe proses wat gebruik word wanneer 'n vorm meer as een keer gebruik word om 'n patroon te vorm word … genoem.

4.3 'n … is 'n naam, prent, teken of woord wat 'n maatskappy laat uitstaan.

4.4 Insetsel ('type') is 'n … wat die ingeslote of gedeeltelik ingeslote teller onder die basislyn met 'n skakel aan die bak verbind.

4.5 'n Voorbeeld van 'n impakdrukker is 'n …

4.6 … is wanneer 'n multimedia lêer kleiner gemaak word en dit makliker is om oor te dra.

4.7 Die mees algemene … se formaat het 'n drievoudige z-vormige ontwerp met ses panele.

4.8 … is die proses om sterk suur te gebruik om in die onbeskermde dele van 'n metaaloppervlak te sny om 'n ontwerp in intaglio in die metaal te skep.

4.9 'n … is 'n toestel wat in fotografie gebruik word om kunsmatige lig te skep om 'n donker toneel te verlig.

4.10 … is die mengsel van 'n kleur met swart, wat helderheid verlaag.

(10 × 1) **[10]**


TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.





Jou kliënt, Mnr Bob Tomas het jou gevra om 'n nuwe logo vir sy elektriese maatskappy te ontwerp. Sy begroting is R1500 en hy benodig die logo oor twee weke. Hy hou van blou en geel en hy wil hê jy moet 'n kreatiewe naam vir sy maatskappy uitdink. Die logo moet op 'n besigheidskaartjie en briefhoof gedruk word. Hy spesialiseer in die herbedrading van huise en geboue. Dit is 'n splinternuwe maatskappy met baie kompetisie in die mark.

5.1.1 Skep 'n ontwerp vir die opdrag vir die projek deur gebruik te maak van die inligting wat hier bo gegee word. (5)

5.1.2 Ontwerp 'n logo vir die elektriese maatskappy in VRAAG 5.1.1 deur van die hand-ontwerpte ontwerpproses gebruik te maak. Jy kan enige tekenmedium van jou keuse gebruik. (15)

5.2 Om vorendag te kom met nuwe idees en konsepte kan 'n uitdagende taak vir 'n grafiese ontwerper wees.

Noem en verduidelik VYF tegnieke wat jy kan gebruik om met nuwe oplossings vir jou ontwerpprobleme vorendag te kom. (5 × 2) (10)

5.3 Verduidelik die verskil tussen *leesbaarheid ('readability')* en *sigbaarheid ('legibility').* Maak gebruik van voorbeelde/illustrasie om jou antwoord te verduidelik. (2 × 2) (4)

5.4 Beskryf en verduidelik die volgende terminologie:

5.4.1 USB

5.4.2 ROM

5.4.3 IPOD


(3 × 2) (6)

5.5 Bestudeer die beelde hier onder en verduidelik TWEE redes waarom dit beter is om animasiekarakters vir multimediaprojekte te gebruik as regte akteurs.



(4)

5.6 Bestudeer die beelde hier onder en beantwoord die vraag.



Vir die komende Olimpiese Spele in Tokio sal McDonald's die borg van die spele wees. McDonald's het jou genader om 'n nuwe promosie-waterbottel te ontwerp wat hulle tydens die Olimpiese Spele gaan uitdeel.



Kopieër die waterbottel op die volgende bladsy in jou ANTWOORDBOEK. Sluit sekere tersaaklike beelde of teks op die verpakking, sowel as die McDonald's logo in.

Onthou, dit moet 'n gesonde lewe en leefstyl uitbeeld.
Jy sal op kreatiwiteit en jou begrip van verpakkings-/etiketontwerp beoordeel word. (10)



5.7 Wat 'DTP' betref, definieer die term *oordra ('export').* (2)

5.8 Hier onder is 'n advertensiebord van die MTN groep, voorheen M-Cell, in Suid-Afrika. Deur advertensieborde te gebruik, bring hulle 'n boodskap aan 'n groot verskeidenheid kliënte.



Ontwerp 'n advertensiebord vir jou kollege deur 'n opvallende slagspreuk en kreatiewe tipografie te gebruik. Die boodskap op die advertensiebord moet jou kollege en die visie vir die toekoms verteenwoordig.

Teken 'n blok van 8 cm (hoogte) × 15 cm (breedte) in jou ANTWOORDBOEK. Skep jou advertensiebord in hierdie spasie. (12)

5.9 Verduidelik kortliks elk van die volgende terminologieë wat vir tekenwerk gebruik word:

5.9.1 Karikatuur

5.9.2 Arsering


(2 × 2) (4)

5.10 Bestudeer die besigheidskaartjie hier onder.



Noem VYF riglyne om in gedagte te hou wanneer 'n besigheidskaartjie vir 'n maatskappy ontwerp word. (5)

5.11 Bestudeer die tekening hier onder en beantwoord die vrae.



5.11.1 Watter kuns- en ontwerpelement is in die beeld gebruik? (1)

5.11.2 Staaf jou antwoord. (2)

5.11.3 Noem die VIER funksies van die element in VRAAG 5.11.1. (4)
[84]

VRAAG 6

6.1 Verduidelik die verskil tussen links belyn ('left aligned') en justeer links belyn ('justified left aligned').
Maak gebruik van 'n illustrasie om jou antwoord te ondersteun. (2 × 2) (4)

6.2 Watter EEN van die volgende foto's (FIGUUR A of B) is geneem met 'n wye diepte van veld en watter een 'n smal diepte van veld? Staaf jou antwoord. (5)



FIGUUR A



FIGUUR B

6.3 Evalueer die produk/verpakking hier onder en beantwoord die vrae.



6.3.1 Wie is die teikenmark? Staaf jou antwoord. (2)

6.3.2 Wat is die funksies van hierdie verpakkingsvorm? (2)

6.3.3 Identifiseer die verpakkingsmateriaal en verduidelik waarom dit geskik is vir hierdie produk? (3)

6.4 Noem die DRIE kenmerke van 'n suksesvolle advertensie. (3 × 2) (6)

6.5 Jou grafiese ontwerp lektor vra jou om 'n PowerPoint-skyfie-aanbieding vir die klas voor te berei oor: *'Hoe om jou volgende aanbieding onvergeetlik te maak'.*

Die aanbieding moet die algemene riglynwenke insluit hoe om 'n aanbieding te skep.



Teken die SES skyfies van hierdie aanbieding in die ANTWOORDBOEK.
Elke raam moet 10 cm × 10 cm wees. (12)

6.6 Identifiseer die volgende toestelle en gee 'n rede waarom jy elkeen in jou ontwerpateljee nodig het.

6.6.1



6.6.2



6.6.3



6.6.4



6.6.5



(5 × 2) (10)

6.7 Tipografie speel 'n belangrike rol in hoe ons 'n boodskap ontvang of oordra. Tipografie is die kuns van kommunikasie deur die gedrukte woord te kommunikeer.

Identifiseer die styl/klassifikasie van tipografie van die voorbeelde hier onder en staaf jou antwoorde.

6.7.1



6.7.2

Design

6.7.3



6.7.4

the quick brown fox jumps over the lazy dog

(4 × 2) (8)

6.8 Die kollege waar jy tans studeer, het jou gevra om 'n MMS advertensie op te neem/te ontwerp om die kollege te adverteer. Die MMS sal na huidige studente en skole gestuur word.


Kies die VIER belangrikste stukke toerusting wat jy sal nodig hê om jou taak uit te voer uit die lys hier onder en verduidelik die rede waarom jy elkeen gekies het.

- 'n Klankopnameprogram soos *Apple's Garage Band*, *Magic Music Maker* en *Mixcraft.*
- 'n Kassetopnemer
- 'n Klankmenger
- 'n Klank-effek eenheid
- 'n Mikrofoon
- Oorfone
- Klankbanke
- DTP sagteware (PowerPoint, Flash)

(4 × 2) (8)

6.9 Identifiseer die volgende komposisietegnieke in fotografie en verduidelik hoe hulle gebruik is.


6.9.1



6.9.2



6.9.3



(3 × 2) (6)

[66]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou